Aanddiens – 25 Oktober 2026
Alicia Roodt
Tema: Hoekom Jesus?

As jy besig is om te verdrink en 'n reddingsboei verskyn voor jou, gryp jy daarna omdat jy die waarde daarvan verstaan en jy weet dit gaan jou lewe red?.
As jy besig is om van dors te sterf in die woestyn en jy sien water, hardloop jy daarna omdat jy die waarde daarvan verstaan en weet hoe brood nodig jy dit het vir oorlewing?

Wanneer dit by 'n saak van lewe of dood kom, kies ons die opsie wat lewe bring.

Net so staan elke mens voor die keuse tussen lewe en dood, iewers in hulle lewe. Die reddingsboei. Die water. Die antwoord is Jesus.

Party mense gryp nie na Jesus nie omdat hulle nog nooit die waarde van Jesus werklik besef het nie.

Keuse: Die plan was nooit dood nie. Maar deur sonde het ons vreemdelinge van God geword, gelukkig was daar ‘n plan om dit te herstel, en elke mens staan voor die keuse: Die pad van dood, sonde en vervreemd teenoor God of die pad van lewe saam met Jesus

Nou vra ons dalk - **wie is Jesus, hoekom Hy?**

- Kolossense 1:15-20
- Hebreërs 1:1-3
- Fillippense 2:5-11
- Johannes 1:1-18

Jesus se karakter en aksies toon sy waardigheid.

Ons lewe het geen waarde sonder Jesus nie. Ons waarde lê nie in wie ons is nie. Ons waarde lê in die feit dat **Hy waardig is.**

- Dit gaan nie oor hoe baie jy bid nie, maar oor die Een wat luister.
- Dit gaan nie oor hoe goed jy Christenskap uitleef nie, maar oor hoe goed jy Jesus Christus ken.
- Dit gaan nie oor wat jy meer of minder kan doen nie, maar oor die Een wat reeds alles gedoen het.

Dit gaan oor Hom. Hy het Sy lewe vir jou neergelê sodat jy weer die keuse van lewe kan hê. 'n Lewe saam met Hom. **Hoekom sal jy nie Sy hand gryp nie?**

Aan die begin het ons gevra: **"Hoekom Jesus?”,** maar nou wil ek vra:**"Hoekom nie Jesus nie?"**

> **"Ek is die weg en die waarheid en die lewe."** *Johannes 14:6*